e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

19 April 2012
Jaargang 5 – Uitgawe 11

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Belê in die toekoms van ons kinders

Nadat die Kinderhuise van die Hervormde Kerk in die negentigerjare gesluit is, is besluit om sorgbehoewende kinders meer intensief in Diakonale Pleegsorghuise te versorg. Dit is liefdeswerk wat die ouers in ons DPS-huise doen – hierdie mense het 'n gawe van die Here ontvang. Die kinders wat by hulle geplaas word, word soos eie kinders versorg en liefgehê.

Ringsdiakensvergaderings, gemeentediakensvergaderings en lidmate het op 'n positiewe manier betrokke geraak by die versorging van kinders. Daar is tans ses DPS-huise, in Rustenburg, Elsburg, Montana, Ninapark, Krugersdorp en Potchefstroom. 36 kinders is in die huise opgeneem. By elke huis funksioneer 'n toesigkomitee wat verantwoordelik is vir die dag-tot-dag-versorging van die kinders. 'n Multi-professionele evaluasiekomitee oorweeg voortdurend elke kind se omstandighede. Al die ringe van die Kerk is ook by die verskillende huise ingedeel. Die ideaal is dat gemeentes by die huis waar hulle ingedeel is, betrokke sal raak. Een van die maniere is om as vakansie-ouers of naweekouers beskikbaar te wees.

Die kinders in die DPS-huise se profiel is van so 'n aard dat hulle moeilik plaasbaar is by pleegouers. Hulle kwalifiseer nie vir kinderhuise of nywerheidskole nie, en het individuele aandag nodig. Binne 'n gesinsopset kry elke kind die geleentheid om na vermoë te ontwikkel en selfwaarde te kry. Kinders wat deel van 'n huisgesin is, skakel makliker by die gemeenskap in. Hulle word binne die ruimte van die Kerk versorg en gekoester, en dit leer hulle waardes en norme, bring vir hulle sekerheid en uitsig op 'n toekoms.

Die direksie is nie net by die 36 kinders wat in die DPS-huise opgeneem is, betrokke nie. Kinders wat deur die Ondersteuningsraad by lidmate van ons Kerk in pleegsorg geplaas is, word deur die direksie ondersteun met die nodige middele vanuit sy Trustfondse. Ongeveer 180 kinders van die Ondersteuningsraad is hier ter sprake.

Vir die direksie staan die welstand van die kinders wat aan ons sorg toevertrou is, voorop. Ons kan hierdie werk nie doen sonder die ondersteuning en gebede van die Kerk nie. Samewerking met ander diensorgane maak dit vir die direksie moontlik om net die beste versorging aan die kinders te bied. Die Algemene Diakensvergadering en veral die Ondersteuningsraad lewer kosbare dienste. Maatskaplikewerkdienste word van die Ondersteuningsraad ingekoop, en by elkeen van die ses DPS-huise lewer die Ondersteuningsraad dienste.

Vir my lê die welstand van kinders en veral sorgbehoewende kinders baie na aan die hart. Ek wil graag voortbou op die goeie werk wat my voorganger, ds Roelf Coertze, gedoen het. My visie vir die direksie van die Kinderhuise is om die beste moontlike sorg aan ons kinders te bied. Ek sal graag wil sien dat meer huise na behoefte gevestig word indien die direksie dit kan bekostig.

Die ondersteuning aan kinders wat deur die Ondersteuningsraad by lidmate geplaas word, moet meer aandag kry. Ek wil ook groter betrokkenheid van lidmate en gemeentes by die DPS-stelsel bevorder. Kinders is 'n geskenk van God. Die Here het hulle aan ons toevertrou. Kom ons belê in hul toekoms hier op aarde, maar veral met die oog op die ewige lewe.

Ds Willem Kok
Direksievoorsitter: Kinderhuise

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Prop Rue Hopley

Ds Pieter Rossouw

Beroep ontvang

- **Prop Rue Hopley** na Rustenburg-Tuine (benoeming)
- **Ds Pieter Rossouw** van die Stella-kombinasie na Pietermaritzburg (deelsorg)

Beroep aanvaar

- **Ds Pieter Rossouw** van die Stella-kombinasie na Pietermaritzburg (deelsorg)

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Alle lief en leed vir plasing in die kerklike publikasies moet aan die Sekretaris vir SENTIK, dr Wouter van Wyk, by **wouter@nhk.co.za** gestuur word, of skakel hom by 082 339 2332.

- **Emerituspredikant ds TL Botha**, voorheen 'n predikant van die Hervormde Kerk, is op Sondag 8 April oorlede. Hy is op Vrydag 13 April vanuit die Afrikaanse Protestantse Kerk in Heidelberg begrawe, en ds Zet Robberts het 'n huldeblyk gelewer. Ons innige simpatie gaan aan mev Natalie Botha en die res van die familie. Ds Botha is op 25 Januarie 1976 georden en het die gemeentes Koornfontein (vanaf 1976), Grootvlei (1979) en Queenstown/Dordrecht (1985) bedien, en het in 1990 siekte-emeritaat aanvaar. Hy het in 1998 finaal geëmeriteer.

- **Mev Ansie Fourie**, skriba van Gemeente Glencoe, is op 16 April oorlede na 'n kort siekbed. Sy is die dogter van emerituspredikant ds PM Smith en suster van ds Pieter Smith van Gemeente Witrivier. Ons innige simpatie gaan aan haar familie.

Ds Joseph Motloba en die Kapelaan-generaal onderteken die ooreenkoms.

- Die afgelope naweek was bedrywig vir die **Afrika Instituut vir Missiologie (AIM) en die MRCC**. Op **Saterdag 14 April** het AIM in samewerking met die NHSV-hoofbestuur en die hoofbestuur van die MRCC se Mothers' Union 'n **werkwinkel oor geweld teen vroue en kinders** aangebied. Prof Neltjie van Wyk was die spreker. Dit was die eerste keer dat die twee hoofbesture 'n gesamentlike gemeenskapsdiensprojek van hierdie aard aangebied het. Op **Sondag 15 April** is **drie persone gelegitimeer** en beroepbaar gestel in die MRCC. Mnr Pumlani Duma en me Tembani Kgwete is produkte van AIM, terwyl mnr Eric Louw 'n produk is van die Noordwes-Universiteit. Hy is 'n voormalige lidmaat van die VGK. Mnr Duma het BA(Hons) met lof geslaag. Na afloop van die legitimasieplegtigheid het die **MRCC en die Nasionale Weermag** 'n ooreenkoms van verstandhouding onderteken. Die ooreenkoms verseker dat die MRCC-kapelane ruim geleentheid gebied word om in die Kerk werksaam te wees. Die Algemene Kommissie behou ook tugbevoegdheid oor die kapelane. Die MRCC is die eerste kerk met wie die Weermag só 'n ooreenkoms aangegaan het.

Pumlani Duma, Tembani Kgwete en Eric Louw, nuwe proponente van die MRCC

- **Ds Freek (FH) van der Merwe** se nuwe kontakbesonderhede is Spitskopstraat 338, Die Wilgers, Pretoria 0180; Posbus 74676, Lynnwoodrif, Pretoria 0180; selnommer 081 331 7844.

- Die **vierde preekskets**, deur **prop Elritia le Roux**, word teen die einde van die week aan predikante gestuur. Die preeksketse is 'n hulpmiddel vir predikante, en nie volledig uitgewerkte preke nie. Die preke kan byvoorbeeld gebruik word in gesprekke met eredienswerkgroepe, ouderlingevergaderings of Bybelstudie-groepe. **Lidmate** kan gaan na **www.nhk.co.za** (of **www.nhka.org**) → So werk

ons → Toerusting → In Christus se voetspore vir agtergrondinligting en 'n paar vrae oor die betrokke teksgedeeltes wat gesprek in die gemeente kan stimuleer.



- **GELOWIGE GESINNE GESPREK. Ouerskap: In jóú gedagtes!** Hierdie week luister ons weer na die opdrag van Moses aan Israel in Deuteronomium 6: 4-9, en die fokus val op vers 6. *Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here. Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag. Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het,* ***moet in jou gedagtes bly****. Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan. Jy moet dit as herinneringsteken vasbind aan jou hande, en dit moet 'n merk op jou voorkop wees. Skryf dit op jou deurkosyne en op jou stadspoorte*. **Die gebooie moet in jóú gedagtes bly.** Moses vestig 'n beginsel wat die anker is van ouerskap: Die gebooie van die Here moet *in jou* wees sodat dit *in jou kinders* kan wees. Navorsing bevestig keer op keer dat geloof primêr in die ouerhuis gevorm word; **katkisasie en prediking by die kerk kan nooit die plek inneem van ouers se geloofsonderrig nie.** Ons kan sê dat geloof eerder *aangeleef* as *aangeleer* word. Wat Moses van die gebooie sê, geld vir ons totale verstaan van die evangelie van Jesus Christus. Kan jou kinders die evangelie in jóú herken? *Die godsdiens van 'n kind hang af van wat sy vader en moeder ís en nie van wat hulle sê nie* (Henri Frédéric Amiel).

  Lees elke maand in *Konteks* meer oor die Gelowige Gesinne Gesprek. Lede van die **Raad vir Gesinsbediening** is ook beskikbaar om aanbiedings in rings- en streeksverband te doen. Kontak ds Danie van der Watt by 082 572 4855 of ds Thinus van Staden by 084 589 7035.

- **Gemeentes se inligting vir die *Almanak*** van 2013 moet die Sinodale Kerkkantoor teen **Vrydag 20 April** bereik. Stuur die besonderhede asseblief aan mev Karen Breedt by faksnommer 012 320 3279 of **karen@nhk.co.za**. Dit is gemeentes se verantwoordelikheid om korrekte en opgedateerde inligting vir opname in die *Almanak* te voorsien.

- **Gemeente Eendracht 95-jaar-viering**
  Vrydag 20 April 18:30: Inwyding van opgegradeerde saalkompleks
  Optrede van Jammies Jamneck
  Kaas-en-wyn-geleentheid met kinderhoekie
  Kaartjies R100 per persoon (kaartjies beperk)
  Saterdag 21 April vanaf 10:00: Spesiale 95ste basaar
  Tema: *95 jaar gelede*
  Uitstalling van ou motors en nuwe sportmotors
  Sondag 22 April 09:00: Dankseggingsdiens
  Skakel mev Madeleine Smuts weeksdae 09:00-12:00 by 017 683 0067
  of ds Werner Olivier by 082 412 7144

- **Gemeente Piet Retief** is gestig op 17 Augustus 1912 en vier vanjaar hul **eeufees**. Die volledige program vir die naweek van **17-19 Augustus** sal mettertyd bekend wees. Alle lidmate wat voorheen aan die gemeente verbonde was, word versoek om vertellings, foto's en ander gedenkwaardighede wat meer van die geskiedenis vertel, beskikbaar te stel, al is dit net betroubare afdrukke van vorige feesprogramme. Almal word ook uitgenooi om die naweek van 17-19 Augustus aan die verrigtinge deel te neem. Dit sal 'n **dankdiens** op Vrydag 17 Augustus en 'n **basaar** die Saterdag insluit. Skakel Jan Venter by 082 925 3951 of 017 826 3604.

- **Gemeente Buffelspoort** (by Mooinooi) beskik steeds oor 'n vakature vir 'n **orrelis.** Stuur aansoeke aan mev Sarie van den Berg by **marikana@nhk.co.za**, of kontak haar by 083 654 0626.

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en ’n voorskoolse kind. Vir ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by **nhkdullstroom@yahoo.com** of 072 116 3353.

- Predikante wat kans sien om ’n Sondag in **Harare** te preek, word versoek om ds Theuns Botha te kontak by **camelhors@gmail.com** of tel 00263 777008324. Ds Botha hou een erediens per maand in Harare, en die gemeente wil graag meer predikante uitnooi om by hulle te kom preek. Predikante hoef **net die Sondag om 10:00** die erediens waar te neem. Indien die ring of gemeente nie die koste kan dra nie, is die gemeente bereid om daarmee te help. ’n Gemeentemotor is beskikbaar en huisvesting word gereël. Vliegkoste wissel maar beloop ongeveer R4 500 per besoek. Die gemeente het groot waardering vir die Kerk se hulp en bydraes in die verlede.

Spesiale eredienste

- **Gemeente Verwoerdburg: 50-jaar ampsjubileum ds AJ Zwarts**
  Sondag 22 April om 09:00
  Gelukwense deur ds Dries Beukes namens Kommissie van die AKV

- **Gemeente Wolmaransstad: 120-jaar-viering**
  Sondag 22 April om 09:30
  Na erediens: Prof Andries Raath oor Siener van Rensburg as kerk- en volksman
  Siener van Rensburg was lank ouderling op Wolmaransstad
  Skakel gemeentelike kantoor by 018 596 1536 / 076 041 1296
  as u die ete gaan bywoon

- **Gemeente Bronkhorstspruit: Eeufeesviering**
  Sondag 22 April om 09:00
  Kerkgebou vanjaar 100 jaar oud
  Erediens en ete daarna
  Alle oudlidmate welkom
  Laat weet Gerda by 013 932 2929 (Di-Do 08:00-16:00) as u gaan bywoon

- **Gemeente Montana: Rina Hugo en die Christelike Seemansorganisasie**
  Sondag 22 April om 17:45 vir 18:00
  Diens en optrede duur ongeveer 90 minute
  Navrae aan Esmé Taljaard by 087 802 1109

- **Gemeente Kruin: 25-jaar-viering vir ds Kobus Pienaar**
  Sondag 13 Mei
  Gelukwense deur oudl Pieter de Bruyn van die Kommissie van die AKV
  Navrae aan **nhkkruin@gmail.com**

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 27 April, en word hartlik geluk gewens.**

  - Donderdag 19 April: Di Henk Calitz (Carletonville), Pierre Jacobs (beroepafwagtend) en Tinus Swart (Petrusburg)
  - Saterdag 21 April: Ds Edzard van Baalen (Parkrand) en dr Kobus van Biljon (emeritus)
  - Maandag 23 April: Di Francois Evert (Declercqville) en Casper Steenkamp (emeritus)
  - Dinsdag 24 April: Ds Herman van den Berg (Elandspoort)
  - Woensdag 25 April: Prof Andries van Aarde (siekte-emeritaat), dr Wimpie van Schoor (Primrose-Oos) en ds Rika van Staden (Goudveld)

- Donderdag 26 April: Ds Paul Kern (Sannieshof)
- Vrydag 27 April Dr Kálmán Papp (Bybelgenootskap)

Beplande vergaderings

- Saterdag 21 April: Werkwinkel van Raad van Finansies
  NHSV-dagbestuur (verskuif van 5 Mei)
  RDV Bronkhorstspruit
  RDV Brakpan
  RDV Heilbron
  RDV Lydenburg
  RDV Noordelike Natal
  RDV Trichardtsfontein
- Sondag 22 April: RDV Klerksdorp
  RDV Roodepoort
- Dinsdag 24 April: Koördineringsvergadering
  Dagbestuur van die Kinderhuise

Kursusse en toerusting

- **Die RDV Noordelike Pretoria**
  Reistaskursus vir diakens en diensgroepwerkers
  Vrydag 25 Mei vanaf 19:00 en **Saterdag 26 Mei** vanaf 08:00
  By Gemeente Montana, Jan Bantjiesstraat
  Koste R100 per persoon
  Betalings aan RDV Noordelike Pretoria, ABSA Sinoville,
  tjekrekening 405 031 6934
  Navrae en besprekings by Daleen Smith (**dsmith@webmail.co.za**
  of 073 229 3814)
  of Esmé Taljaard (087 802 1109)

- **Voortgesette Teologiese Toerusting vir Predikante (VTT)**
  5 en 6 Junie, en **6 en 7 November**
  Tema: *Missionale Diakonaat. Saam in diens met verstand, hart en hand*
  By Gemeente Wapadrant
  Koste **R320** per persoon
  Predikante wat VTT **in Junie** wil bywoon, kontak mev Betsie Brits **voor 18 Mei**
  E-pos **betsie.brits@up.ac.za** of faks 012 420 4303
  Registrasiefooi verkieslik vooraf elektronies of per bankdeposito
  Kerkgeld vir Kerkwerk; ABSA; rekening nr 020 149 752; kode 63 20 05;
  verwysing 2013K VTT (gevolg deur naam van kursusganger)

Beskikbare behuising

- **Behuising vir senior burgers:** Kom geniet 'n rustige aftrede op die platteland
  Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis in Parys
  - 3 kamers met gedeelde geriewe – bejaardes moet gesond en selfversorgend wees
  - 2 beddens in 4-bed-kamer met 24-uur-versorging vir verswakte bejaardes

  Kontak matrone Botha by 056 811 2185

Konserte en feeste

- **Vrydag 11 Mei om 19:00: Gemeente Alberton**
  Fondsinsameling vir die jeug, hekke open om 17:00
  Snotkop tree op by Albertonse Sokkerklub
  R80 per persoon, kos en koeldrank beskikbaar
  Kontak Pieter by 082 332 4252, Neline by 072 520 5878
  of ds Tiaan by 073 529 1538

- **Sondag 3 Junie om 15:00: Gemeente Nelspruit**
  Songs of Praise
  Met Richard Cock
  Kerkgebou, Belladonnastraat 120, Nelspruit
  Toegang R75
  Bespreek by kerkkantoor (013 741 1455), kaartjies ook by deur beskikbaar
  Navrae by 082 460 8252

Sportbyeenkomste

- **Saterdag 21 April: Gemeente Mafeking: Gholfdag**
  Plek: Leopardpark Gholfklub
  Formaat: *Betterball Scramble Drive*
  Inskrywings: R180 per speler (sluit ete in)
  Meer as R12 000 in prysgeld!
  Navrae: Leon van der Westhuizen (082 300 4947)
  of Chris Muller (074 176 8457)

- **Saterdag 21 April: RDV Laeveld: Gholfdag**
  In die mooi omgewing van Tzaneen
  Skakel Hendrik van Schalkwyk by 082 443 3864

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Tzaneen: Groot 3-kompetisie**
  Sluitingsdatum 31 Mei 2012
  Kaartjies R50
  Wen een van 3 groot pryse
  Prys 1: Jagnaweek in die Waterpoort, 1 eland, 1 koedoe, 1 rooibok
  Prys 2: AMC Classic kookstel, waarde R15 000
  Prys 3: iPad ter waarde van R6 500
  Navrae aan gemeentelike kerkkantoor by 015 307 4508
  of ds Richard van der Westhuizen by 072 144 7514

- **Gemeente Philadelphia: Fietstoer 2012 Julievakansie**
  40 studente ry vir 15 dae fiets om fondse in te samel vir liefdadigheid
  Hulle was vensters, dra inkopiesakkies, dans, sing, lê voor mense se motors...
  Enigiets wat jou laat lag en laat bydra
  Borge baie welkom!

  30 Junie Pretoria
  1 Julie Kempton Park
  2 Julie Drie Riviere
  3 Julie Vanderbijlpark
  4 Julie Sasolburg
  5 Julie Parys
  6 Julie Toernaweek
  9 Julie Welkom
  10 Julie Wolmaransstad
  11 Julie Klerksdorp
  12 Julie Potchefstroom
  13 Julie Krugersdorp
  14 Julie Pretoria

  Navrae? Borgskappe? Wil jy saam kom fietstrap?
  Kontak Fanie Willers (toerleier): **fanie.willers@gmail.com** of 072 494 8735
  Lizaan Britz (ondertoerleier/bemarking): **lizaanbritz8@gmail.com**
  of 076 315 4218
  E-pos: **philadelphia@nhk.co.za.** Webwerf: **www.philadelphia.co.za**

- **Gemeente Witfield in Boksburg: Boogjagkompetisie**
  Sluitingsdatum: 29 Julie 2012
  Kaartjies R100 donasie
  1ste prys: 10 diere, waarde R40 000, en 5 nagte verblyf
  2de prys: 8 diere, waarde R19 300, en 3 nagte verblyf
  3de prys: 6 diere, waarde R11 000, en 3 nagte verblyf
  Geborg deur Nyalarus, tussen Groblersdal en Marble Hall
  Geweerjag kan gereël word
  of keuse om plaas se professionele jagter te gebruik
  Pryse verval op 30 September 2012
  Kontak Adri Nel by 084 200 1027
  of Chaan Bezuidenhout by 082 853 5895 vir meer inligting

Basaars en markte

- **Saterdag 21 April: Gemeente Koster: Minibasaar**
  07:30 tot 14:00 op kerkterrein
  Vermaak vir groot en klein
  Plaasontbyt, teetuin, vleis, tuisgebak, ens
  Navrae aan **elmie@bafokeng.com**

- **Dinsdag 1 Mei: Gemeente Potchefstroom: Noordwes Motorskou**
  Op Kerkplein in Potchefstroom van 07:00 tot 15:00
  20ste keer!
  Meer as 350 ou motors, talle vlooimarkstalletjies
  Kosstalletjies met heerlike kos
  Toegang R15 per persoon
  Kontak ds Willem Kok by 083 664 0058

- **Dinsdag 1 Mei: Gemeente Vaalharts**
  Vaalharts-kontreifees
  In Hartswater, Noord-Kaap
  Marathon en halfmarathon
  Bergfietswedren: 30 km en 60 km
  Kontak Riaan Esterhuizen by 082 453 6889
  Jagkompetisie: Trekking 1 Mei tydens fees
  1ste prys: 1 waterbokbul, rooihartbeesbul, 2 springbokke en 1 rooibok
  2de prys: 1 gemsbokbul, 2 springbokke en 2 rooibokke
  3de prys: 1 blouwildebeesbul, 2 springbokke en 1 rooibok
  4de prys: Naweek vir ’n gesin op ’n wildplaas – selfsorg
  Wildplaas in Hartswater-omgewing
  Jagters: Geen dagfooie; selfsorg
  Slegs 500 kaartjies beskikbaar teen R200 elk
  Kontak Gerrit Staats by 082 414 9643

- **SUIDOOS GESKENKEMARK**
  Gemeente Suidoos-Witbank (oorkant Midas)
  hv Hans Strydom- en Theunis Jansenstraat
  Openingsfunksie 30 April @ R50 per persoon
  Dinsdag 1 Mei tot Vrydag 4 Mei 09:00-19:00
  Saterdag 5 Mei 09:00-14:00
  Teetuin, geskenke vir Moeders- en Vadersdag
  Handgemaakte items, juwele, koekies, skilderye, klere, handwerk...
  Kontak Bettie by gemeentelike kerkkantoor (013 697 1457)

- **Vrydag 4 Mei vanaf 17:00 en Saterdag 5 Mei vanaf 08:00**
  Gemeente Wonderboom-Suid: Basaar
  10de laan 920

Heerlike eetgoed en baie kuier!
Privaatstalletjies beskikbaar teen R50
Kontak Daleen Smith by 073 229 3814 of **dsmith@webmail.co.za**

- **Saterdag 5 Mei vanaf 08:00: Gemeente Magaliesmoot: Afrika Safaribasaar**
  Op hul gronde langs Laerskool Kameeldrift
  Hoëkwaliteitvleis teen uiters billike pryse (wors en maalvleis R45 per kg)
  Vermaak vir kinders, sewesrugby, vlugbal, groot veiling
  Wen 'n kwadfiets vir R50 per kaartjie
  Kom kuier saam en dra hope winskope huis toe
  Kontak David Barnard by 083 441 1789

- **Saterdag 5 Mei: Gemeente Greylingstad: Basaar**
  Geniet die gasvryheid van die platteland
  Vars vleis, biltong, braaivleis, pannekoek, nagereg, tuisgebak...
  Navrae aan Elize van Jaarsveld by 017 778 0921

- **Saterdag 5 Mei vanaf 08:00: Gemeente Carletonville: Sinkgatfees**
  Carleton Jones Sportgronde
  Met Cordelia, Armand Hofmeyr, Thys die Bosveldklong
  Uitstallers, biertent, karnaval, ysterman, kookkompetisie
  Ook **Modelkompetisie op Vrydag 4 Mei** vanaf 18:00
  Kontak ds Henk Calitz by **henkcalitz@gmail.com** of 081 474 8942

- **Vrydag 25 Mei: Gemeente Klerksdorp-Doringkruin**
  Basaar en kontantfondsinsameling
  Kaartjieverkope met pryse te wen
  Kaartjies R10 – koop boekie met 25 kaartjies teen R200
  en kry laaste 5 kaartjies gratis
  Trekking 25 Mei tydens basaar
  1ste prys: R10 000 kontant
  2de prys: 5 kg maalvleis, 5 kg wors en 2 kg biltong
  Persoon wat wenkaartjie verkoop, kry R1 500 kontant of 'n slagskaap
  Navrae aan gemeentelike kerkkantoor by 018 468 5545
  of oudl Roenie van Zyl by 082 458 1257

- **Saterdag 26 Mei: Gemeente Schoemansdal in Hartbeespoort**
  Basaar
  Kunstenaars Gert van Tonder, Dozi, Karlien van Jaarsveld en Bok van Blerk
  Hope kosstalletjies
  Kontak Mientjie by 012 253 0146 of 083 536 1530

ANDER NUUS

- **Samuel Nkwane**, een van verlede jaar se vierdejaar **AIM-studente** wat vanjaar sy studies onderbreek het weens 'n hartprobleem, is op 16 April in 'n hospitaal in Potchefstroom oorlede. Ons innige simpatie gaan aan sy naasbestaandes en medestudente.

- **DIE ONDERSTEUNINGSRAAD: VAKATURES**
  Daar is tans poste vir **gekwalifiseerde maatskaplike werkers** by:
  - Brakpan
  - Nylstroom
  - Pretoria
  - Vanderbijlpark

  By die Lydenburg-kantoor:
  - 2/8ste sekretariële pos vir persoon wat rekenaarvaardig is
  - Pos vir Afrikaanssprekende hulpmaatskaplikewerker met geldige rybewys

en wat by Raad vir Maatskaplike Diensberoepe geregistreer is

Kontak Mariaan Steenkamp by **mariaans@nhk.co.za** of Charmaine Fourie by **oraadpb@nhk.co.za**, 012 322 8885 x313 of 071 684 7796.

- **INTERNASIONALE KONFERENSIE OOR AUGUSTINUS**
  24-26 April
  Gereël deur prof Hans van Oort van UP
  By Karee Bloem Gastehuis en Konferensiesentrum
  Maraisstraat 179, Brooklyn
  Verskeie topnavorsers neem deel
  Boekuitstalling van Brill Academic Publishers, Leiden-Boston
  Kontak Yolande Steenkamp by **ysteenka@gmail.com** of 071 673 6732

- **TOIBO: Transvalia 40-jaar-reünie**
  Saterdag 5 Mei 10:00-16:00
  Transvalia-skool vir Epileptici en Leergestremdheid
  R120 per persoon, R20 vir kinders onder 12 jaar
  Middagete, uitstallings, opvoering deur huidige leerders, kindervermaak
  Skakel skoolkantoor voor 20 April by 012 800 1071
  en laat weet hoeveel persone reünie gaan bywoon
  Inbetaling by bank of per internet
  Merk betaling duidelik met jou naam en die woord REÜNIE
  ABSA Derdepoort, takkode 33-52-45
  Tjekrekening nommer 1430-840-203
  Alle oudleerders en/of -onderwysers baie welkom
  Kontak Arina Jooste by 012 320 7644 of 082 560 5213

- **KONFERENSIE: *FROM EMBERS TO A FLAME***
  Vernuwing in kwynende gemeentes: 'n Gereformeerde perspektief
  8-10 Mei
  Good News Convention Centre, Muldersdrift
  Met dr Harry Reeder van Briarwood Presbyterian Church,
  Birmingham (Alabama)
  Navrae aan 012 658 0525 of **ralph@neos.co.za**

- **DAG VAN GEBED.** Daar word elke dag van die jaar, elke uur van die dag, oor die hele wêreld vir Bybelwerk gebid. Werknemers van die **Bybelgenootskap** bid gereeld saam, terwyl ondersteuners van die werk van die Bybelgenootskap ook individueel of in groepe saam bid. Elke jaar is daar egter een dag, **9 Mei**, wat gereserveer is as 'n spesiale dag van gebed. Vir jou gratis kopie van die WBG Dag van Gebed DVD, stuur 'n e-pos aan **biblia@biblesociety.co.za**.

- **ADVERTENSIES waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word.** Dit bestaan hoofsaaklik uit **teks van ongeveer 110 woorde** (u kan eenvoudige grafika of 'n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing**.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:
Raad van Finansies
ABSA Bank
Tjekrekening nommer 020-000-287
Takkode 632-005
Verwysing: u naam + e-Hervormer Ads

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar **(uiters 100 woorde)** stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad by **www.nhk.co.za** gestuur word. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

“Baie dankie aan ds Gerhard Stoltz vir die voorbladartikel van 12 April. Dit het my in verstaanbare taal opnuut onderrig. In die gebroke wereld van vandag is dit gebiedend noodsaaklik dat ons herinner word aan hoe ons, as gelowiges, Jesus se voorbeeld moet probeer volg en mekaar moet dien. Met sensitiewe morele uitreiking en ondersteuning gee ons soms baie meer as wat met valuta gedoen kan word. Ja, die vreugde van gee is veel groter as die vreugde van ontvang.”

Anza van Vuuren, Tzaneen

AGTERBLAD

Die SP Engelbrecht-museum

Die SP Engelbrecht-museum kan per afspraak besoek word. NHSV-takke, kerkrade, kategeseklasse, skole en ander diensliggame van die Kerk is welkom om ’n koppie tee of koffie te geniet en in die skadu van die ou historiese kerkgebou te kuier.

Parkering is beskikbaar. Die adres is Du Toitstraat 169, Pretoria. Kontak mev Ansie Joubert vooraf by 012 321 7580 (09:00-13:30 Ma-Vry). ’n Donasie van R10 per persoon ter stywing van die Museumfonds is welkom.

Lees meer oor die Museum by **http://www.nhk.co.za/** → So werk ons → SP Engelbrecht-museum. Die bankbesonderhede vir moontlike skenkings is Raad van Finansies – verwysing MUSEUM, ABSA Bosmanstraat, verrekeningskode 632 005, tjekrekening nommer 020 000 287.

Die *Vriende van die Museum* dien as skakelpunt vir lidmate wat betrokke wil raak by die versorging en uitbreiding van die SP Engelbrecht-museum. Skakel met dr Christo Pretorius by 012 321 3250 of **pretorianhk@telkomsa.net**.

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx